Brandweer

"Ons dien die Seun van die mens deur die mense van die Seun te dien"
-Annes Nel

Doelwit: *Om die Verkenner op te lei om brande te blus en vertroud te maak met korrekte optrede.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
7. 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Die kennis wat deur die spesialisasie opgedoen word sal die Verkenner lei om tot positiewe leiers en landsburgers te ontwikkel. Om veral brandgevare vroegtydig te identifiseer en as leier te ontwikkel in die uitvoering va sy pligte.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	1 dag	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Hierdie spesialisasie kan slegs in span- of groepsverband by 'n brandweerstasie afgelê word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Kennis dra van die opset, beheer en organisasie van die plaaslike brandweerstasie.*
2. *Bewus wees van die aard en gevare van gasse wat vrygestel word tydens die verbranding van sintetiese stowwe en vertroud wees met voorsorgmaatreëls wat getref kan word.*
3. *Oor die tydperk wat aan die spesialisasie gewerk word rekord hou van mediaberigte oor brande in die eie omgewing of op nasionale vlak.*
4. *Vertroud wees met die "driehoek van ontbranding":*
   - *4.1 Hitte (alle moontlike oorsake).*
   - *4.2 Suurstof (as onderhouer van verbranding).*
   - *4.3 Brandbare stof (hoogs ontvlambare sowel as minder ontvlambare materie: gasse, vloeistowwe en vaste stowwe).*
5. *Vertroud wees met die drie hoofmetodes om 'n brand te blus, dit wil sê deur een van die "hoeke" van die "driehoek van ontbranding" te verwyder,*
   - *5.1 Afkoeling (metodes om afkoeling teweeg te bring).*
   - *5.2 Smoring (metodes om suurstoftoevoer af te sluit).*
   - *5.3 Brandbare stof te verwyder (voorwerpe te verwyder of voorsorg te tref).*
6. *Vertroud wees met persoonlike optrede tydens 'n brand met die oog op oorlewing by:*
   - *6.1 Huisbrande.*
   - *6.2 Brande in openbare geboue.*
   - *6.3 Veldbrande.*
7. *Vertroud wees met die ontruiming, ontsnaproetes en skuilings van 'n bepaalde gebou in die geval van:*
   - *7.1 'n Brand of natuurramp.*
   - *7.2 Onluste.*
   - *7.3 Terrorisme.*

8. *Die telefoonnommers van alle nooddienste en inligting wat verstrek behoort te word om 'n brand aan te meld, ken of weet waar om dit te kry.*

9. *Vertroud wees met die pligte van die publiek en opgeleide personeel tydens 'n brand ten opsigte van die volgende:*
   - *9.1 Oophou van toegangsweë vir noodverkeer.*
   - *9.2 Identifikasie en oophou van brandkraanpunte.*
   - *9.3 Metodes om samedromming te beperk.*
   - *9.4 Voorkoming van paniek.*

10. *Vertroud wees met die gevare, voorkoming en bestryding van 'n brand, tydens (onder andere) :*
    - *10.1 Kampvure.*
    - *10.2 Fakkellope.*
    - *10.3 Beligting in tente.*
    - *10.4 Brande in kampkombuise.*

11. *Vertoud wees met brandbestryding ten opsigte van die volgende:*
    - *11.1 Die hantering van brandslange onder druk wat insluit die ooprol, koppeling oprol sowel as berging daarvan.*
    - *11.2 Hand, flits en fluitseine gedurende die hantering (dag en nag) van brandslange ken en kan uitvoer.*

12. *Vertroud wees met die gebruik van die volgende brandblussers en dit, indien moontlik kan toepas:*
    - *12.1 Koolstofdioksied.*
    - *12.2 Droë poeier.*
    - *12.3 Skuim.*
    - *12.4 Water.*

13. *Vertroud wees met 'n metode vir die verwydering van 'n beseerde uit 'n gevaargebied en dit kan uitvoer.*

14. *Bewus wees van die aard en gevare van gasse wat vrygestel word tydens die verbranding van sintetiese stowwe en vertroud wees met voorsorgmaatreëls.*